
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

`n SPLINTERNUWE BEGIN VIR 2020

Is dit nie wonderlik om `n splinternuwe jaar te begin nie? Ek is seker dat God met Sy oneindige wysheid, geweet het hoe belangrik dit vir ons is om die ou jaar agter te laat, met al sy hoogtepunte, maar belangriker nog, ook met sy laagte punte. Hy weet dat die vooruitsig van `n Splinternuwe Jaar, `n Nuwe hoop, nuwe verwagtinge en `n nuwe begin bring en dit is presies ook waarom so baie mense Nuwe Jaars besluite neem, wat hulle opreg bedoel. Elkeen van ons het vertroue in die wete dat ons opnuut, met `n skoon bladsy, kan begin. Ons weet natuurlik, dat die grootste nuwe begin, die Nuwe Geboorte is. Dit gebeur wanneer jy besef en erken dat jy `n sondaar is en `n Verlosser nodig het, jou sondes bely en Jesus vra om jou Verlosser, Geneser, Here en God te wees. **"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding (Rom.10 : 9-10).** Jou geestelike mens word opgewek en jy word `n Nuwe Skepping in Christus Jesus, volgens **2 Kor.5:17:**

" Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword". Wat `n wonderwerk, wat `n wonder om uit die Gees van God wedergebore te word deur Jesus Sy Seun en om met Hom versoen te wees, sodat ons `n persoonlike verhouding met ons Hemelse Vader kan hê. Nooit OOIT was daar `n groter nuwe begin, as hierdie nie en dit is vir elkeen, wat glo, beskikbaar, vir nou en vir ewig**. Joh.3:16: " Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh.3:16).** In **Joh. 1:12** lees ons**: "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo"**

Jy word nie net die ewige lewe met Christus en jou Hemelse Vader aangebied nie, maar Sy Heilige Gees woon nou in jou, Hy sal jou in alle waarheid lei en die wil en weë van jou Vader(in ooreenstemming met Sy Woord, die Bybel) elke dag van jou lewe, openbaar**.** Hierdie persoonlike verhouding met jou Hemelse Vader, moontlik gemaak deur die versoeningswerk van Jesus en die krag van die Heilige Gees, wat deur jou werk, is `n ontsagwekkende werklikheid! Ek wonder dikwels of ons werklik bewus is van die werklike omvang van hierdie waarheid. Hierdie vermoë om met ons Lewende God daagliks te komminukeer, is bokant ons begrip, tog is dit

waar! Dit is hierdie waarheid wat die kern van die Christendom is. Christenskap is nie `n godsdiens nie, dit is `n verhouding. Dit is nie `n lys van moets en moenies wat ons uit die hoof leer nie en dan in ons daaglikse lewe toepas nie, soos `n ritueel, outomaties of soos `n robot, sodat ons in God se guns kan bly! Die besondersheid van die Christendom, is die feit dat ons in `n voortdurende verhouding met ons Hemelse Vader verkeer, wie ons liefhet en wat altyd net die beste vir ons wil hê. Wie daar is om ons te leer en Sy weë te wys soos ons Sy teenwoordigheid voortdurend soek. Sy wysheid en begrip, is te alle tye vir jou beskikbaar as jy tyd neem om dit te soek en te ken. Dit is waaroor dit in enige verhouding gaan.

Ek kan nie oorbeklemtoon hoe noodsaaklik jou indiwiduele, persoonlike verhouding met jou Hemelse Vader moet wees nie, veral in die dae waarin ons leef. Ons vyand, die duiwel het genoeg planne en maniere om te keer dat ons naby Vader God kom. Hy bring nie net versoekings oor ons pad, met die hoop dat ons sal sondig nie (hy ken elke swakheid van ons baie goed) en hy weet dat sonde ons van Vader God skei. Hy kan ook soos `n engel van die lig voorkom, volgens **2 Kor.11:14** in die Bybel, om ons te mislei, sodat ons sy leuens sal glo. Satan het nog altyd ons aanbidding en aandag begeer, en sal maniere vind om ons aandag af te trek van die tyd wat ons met ons Hemelse Vader verkeer, hy kan nie die verhouding wat ons met ons Vader God, as Sy kinders het, verdra nie. Soos jy weet, was Satan eens op `n tyd een van God se aartsengele, pragtig en wonderbaarlik geskape deur God om aan die hoof te staan van die verering aan Hom, in Sy troonkamer **(Esg.28:12-19)**. Toe het trots en rebellie oorgeneem in hom en hy het teen God se gesag in opstand gekom, omdat hy God wou wees **(Jes.14:12-14)**. Dit het veroorsaak dat hy en `n derde van die engele, wat saam met hom gerebelleer het, uit die hemel gegooi is **(Openb.12:4).** Die gevolg is dat hy ons haat, omdat ons, deur die Bloed van Jesus, nou toegang het tot dieselfde troonkamer van God, die posisie wat hy eers gehad en toe verloor het. Die gevolg hiervan is dat hy elke moontlike gemene streek sal probeer, om te voorkom dat ons in `n intieme verhouding naby Vader God, kan kom. Hy weet dat sonde in my en jou lewe `n hindernis sal veroorsaak **(Jes.59:2)** Satan weet sy misleiding en leuens sal veroorsaak dat ons veroordeel word en skuldig voel en dit sal weer op sy beurt die gevoel laat ontstaan, dat ons nie die reg het om ons Hemelse Vader te nader nie. Die duiwel is `n meester in die beskuldiging van die broeders **(Openb.12:10)**. Hy wil ons skuldig laat voel, sodat ons nie die vryheid of moed sal hê om met vrymoedigheid gemeenskap met ons Hemelse Vader te hê nie. Ons prys die Here egter dat Jesus `n weg vir ons gemaak het om ononderbroke die intieme verhouding met Vader God voort te sit, deur **1 Joh.1:9** wat verklaar: **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**

Omdat Jesus ons Hoëpriester is, verseker **Heb.4:16** ons dat: **Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.**

As kinders van die Allerhoogste God, moet ons ons intimiteit en verhouding met ons Hemelse Vader tot so `n mate koester en dit so hoog waardeer, dat ons enige sonde wat ons kan skei en ons verhouding kan bederwe, gewilliglik bely, met die besef dat dit ons daaglikse lewenslyn is. Daar is egter `n meer subtiele metode wat die vyand deesdae gebruik om te probeer voorkom dat ons `n persoonlike verhouding met ons Hemelse Vader sal geniet. Die doelwit is dieselfde, maar dit is nie so opmerklik nie en daarom dodeliker en gevaarliker. Dit probeer om die individuele gelowige se persoonlike intimiteit met God te vervang met Christelike metodiek en

lewenswyse beginsels en deur dit te doen, word `n verhouding vervang met godsdiens (wettiesheid). Sommige bedienings en Evangeliese predikers leer gelowiges hoe om hul te gedra, te antwoord, op te tree en te reageer volgens Christelike beginsels. Ongelukkig veroorsaak dit dat gelowiges weggelei word om God op `n persoonlike grondslag te soek, deur dit te vervang met lyste van Bybel gebaseerde lewenswyse beginsels, wat in verband staan met verskillende behoeftes en onderwerpe. Ons moet versigtig wees om nie mislei te word nie, want dit maak nie saak of hierdie formules en sleutels op die Bybel gebaseer is nie, want hulle sal uiteindelik die Gelowige se persoonlike, private en individuele tyd met sy/haar Hemelse Vader opvreet. Lewenswyse leringe wat op die Christendom gebaseer is, kan nooit "Lewe" voortbring, wat voortkom deur in die teenwoordigheid van jou Hemelse Vader te wees, en om persoonlik van Hom te hoor, dit moet egter ook nie vervang word nie. Die Waarheid van Sy Woord sal vanselfsprekend, altyd ons basis wees, want Sy wil is Sy Woord en Sy raad sal altyd in ooreenstemming daarmee wees en verander nooit.

Te dikwels laat ons toe dat die dinge van die wêreld inkruip, in die eenvoud en nederigheid van die Evangelie van Jesus, wat gebaseer is op verhoudings – ons verhouding met God en met ons medemens. Baie keer laat ons as Christene toe dat Humanisme, Sielkunde, Alternatiewe medisyne, intellektualisme en wêreldse redenasies in ons lewens kom. Ons voeg dit net by ons wandel met die Here en so word dit as Christelik beskou. Ons kan so maklik deur Realiteit TV. vertonings, motiveringssprekers en spanbou programme beïnvloed word en dit is nou op die oomblik baie gewild. Dan is daar die talle blitsverkoop, sekulêre boeke wat deur gretige lesers verslind word met titels soos "Seven easy steps to success"; "Six steps to financial prosperity"; "Ten keys to losing weight" of "Building a better healthier body" ens. Nou wil dit voorkom asof hierdie hele wêreldse konsep ook in die Christelike lering ingesluip het! Die punt is net om `n persoonlike verhouding met iemand te hê, is `n lys van voorskrifte nie nodig nie, dit vereis net om tyd met mekaar deur te bring. As ouers, het ons nie `n lys voorskrifte nodig hoe om elke kind individueel te leer ken nie. Jy het dalk drie of vier kinders, almal gebore uit dieselfde ouers, elkeen is verskillend, elkeen is `n individu met `n unieke karakter, persoonlikheid en behoeftes. Deur tyd met elkeen persoonlik deur te bring, word `n verhouding opgebou, julle ontwikkel `n intimiteit wat geen opvoedkundige boeke en formules kan vervang nie. Regdeur die eeue het die mens God probeer bereik en ken deur hul eie werke en godsdienstige rituele, maar die Bybel waarsku ons dat God die mens se werke as dwaasheid beskou, omdat Hy `n persoonlike God is en jou hart begeer. Waarom dink jy het God jou met jou eie eksklusiewe stel vingerafdrukke en DNA geskape? Dit is omdat Hy wil hê dat jy moet besef dat ek en jy uniek is. Ek is Sy spesiale kind en so ook jy en Hy wil nie net jou hart en liefde hê nie, maar ook jou tyd en aandag, omdat Hy begeer om met jou op `n persoonlike basis te verkeer.

Jesus het versoening gebring tussen God en die mens, Hy het dit moontlik gemaak dat ons God, Abba Vader mag noem! …….. **Maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Romeine 8:15-16).** Watter bevoorregte mense is ons nie! Laat ons nooit terug hoef te kyk en spyt wees omdat ons nie bewus was van hierdie waarheid en daarop gereageer het nie.

Laat ons hierdie jaar splinternuut begin, met `n brandende begeerte om meer tyd met ons Hemelse Vader deur te bring, sodat ons nie net Sy dade sal ken nie, maar soos Moses, ook Sy weë sal ken **(Ps. 103:7).** Hierdie moet beslis ons prioriteit vir 2020 wees!

.

HOW GREAT IS YOUR GOD?

Joshua was surely a man who pleased God, because he asked for miracles and God answered him! **Joshua 10** tells of the great battle of Gibeon, during which time the Lord did many miracles. He sent huge hail stones upon the enemy, so that more of the enemy died from the hail stones, than there were Israelites killed by the sword.

Joshua wanted the battle to be won that same day in order to be sure that the entire enemy army was defeated. We read this gripping story in **v.12 " Then Joshua spoke to the Lord in the day when the Lord delivered up the Amorites before the children of Israel, and he said in the sight of Israel, Sun stand still upon Gibeon, and you Moon in the valley of Ajalon ".**

V13 " and the sun stood still, and the moon stayed until the people had avenged themselves upon their enemies". This was the day when THE LORD GAVE HEED TO THE VOICE OF A MAN!

It is interesting to note that throughout history there have been tales among many people and nations about the day that the sun went mad'. The Maories in their legends describe the sun as having moved back and forth across the expanse of the heavens.

In order for the sun to stand still, the Lord would either have had to cause the earth to tip on it's axis - in order to lengthen the path of the sun - or to retard the rotation of the earth, so that it would rotate slower. So it would seem that the earth got a speed wobble, which made it look as if the sun stood still. Note that the Lord broke all the natural laws of science, laws which He had set in motion from the beginning of time, in order to answer a Hebrew man's prayer.

Whether the earth tipped or the sun stood still in its path, this could have caused tidal waves across the earth. Because Joshua prayed in the Middle East, tidal waves could have been caused along the coasts of Australia and Africa, forcing the animals to flee to higher ground. What a scenario! And why? Just because ONE MAN prayed. He asked God for THE IMPOSSIBLE and it happened!

There is also the story of King Hezekiah in **2 Kings 20.** He was dying, but he PRAYED and the God of miracles added 15 years to his life. In verse 8 Hezekiah asked God what would be the sign that He would heal him, and God allowed Hezekiah himself to determine the sign! The Lord allowed the sun to move backwards by ten degrees - He literally put the sun into reverse - AT THE REQUEST OF A MERE MAN!

So we see repeatedly that God would even move heaven and earth to answer the prayers of a man of faith! But in the flesh YOU and I limit God's working in our lives because of our limited concept and vision of God. I believe that in the end times (in which we already live) we will have to trust the Lord very specially for PROVISION and PROTECTION.

We know that the day is coming when no man shall be able to buy or sell without the mark of the beast upon his forehead or right hand. This is the time of the Great Tribulation, but it doesn't mean that the Child of God has to live in fear. No, this will be a time when God will PROVIDE SUPERNATURALLY, even as we trust Him.

A friend of ours recently told us that in a financial crisis that she prayed for money, but that the Lord did not provide for her in it. She said that she did not understand the situation and wondered sometimes if God's promises were true! She then asked, " Do you think God is maybe withholding the money because of the R300 which I have saved at the bank, which I've been keeping for difficult times?"

I replied by that I definitely thought so - because is doesn't help to ask God for R25 when you already have R300 saved, which you do not want to use. YOU WILL NOT RECEIVE A

·MIRACLE, IF YOU DON'T NEED ONE!

Think about Moses and the Israelites and all of their needs! There were 3 million of them altogether, and they each had to gather 2 litres of manna in the morning and evening, for 40 years. Imagine how many TONS of manna this represents and the very same God that supplied it all, is YOUR God and MY God, and He has never changed!

Consider Elijah who declared a famine in Israel in **1 Kings 17** and then he went to live in the wilderness. He needed miracles daily, and the Lord provided for him through crows that brought him meat and bread. God provides in MIRACULOUS WAYS, even if there are no people within a 1000-mile radius of us for Him to use as His messengers!

I would like to tell you the story of a missionary couple who worked amongst a very poor Indian tribe in Mexico. They had great needs, and when a group of travelling missionaries came unexpectedly to sleep over, the missionary wife became rather anxious about what she might serve them for breakfast the following day. She took their last few coins and asked her husband to go and buy eight eggs at the local store - then at least each of her guests would have an egg. The following morning when she started to crack the eggs open she discovered that each of them had a double yolk, and there was more than enough for everyone. Hallelujah!

Now when the guests had left, she asked her husband to go and buy more of those double - yolked eggs. Well you can guess - ALL the eggs they bought only had single yolks! YOU WILL ONLY RECEIVE A MIRACLE WHEN YOU NEED ONE.

It is interesting to note that God knew in advance that this missionary woman would need these special eggs. One of His names is JEHOVAH JIREH : meaning literally “God who sees and provides.” God revealed the meaning of this name of His to Abraham when he went to Mount Moriah to offer his son. When Isaac asked his father where the lamb was for the offering, Abraham replied that the Lord Himself would provide the Lamb. God knew beforehand about this need for the offering and the ram for the offering was in the bushes, at the right time and place. GOD SAW AND PROVIDED.

Another thing to keep in mind is that GOD DOES NOT DUPLICATE MIRACLES. God provides in a variety of ways, but HE ALWAYS provides!

Do you know why scientists do not recognise miracles? It is because they cannot test a miracle with instruments and experiments, because in order for them to be able to do that God would have to repeat the miracle, and that is something that He doesn't do. He is not accountable to man. **Romans 3:4** says that God is true even if every man is a liar! In **1 Cor. 1:19-27** we see how man’s wisdom is foolishness to God.

It is no business of ours as to HOW God is going to meet our needs: He who has created innumerable and immeasurable things, will He not know how to create the very things that we need? **Jeremiah 32:27** says: **" Behold, I am the Lord, the God of all flesh: is there anything too hard for me?”**

During the 2nd World War, a group of Chinese believers were cut off from the others and isolated between the mountains and the sea, with the enemy threatening them. The Japanese had burned their homes and they had no food to eat or seed with which to plant a crop. There was an American missionary amongst them. They all decided to trust God for a miracle and prayed: "Lord, we are going to die of hunger. We have nothing and it is impossible to pass the Japanese soldiers to go and get food. Lord, help us please".

While they were still praying, one of their daughters who was playing out in the field came running towards them and told them very excitedly that something was falling from the sky. They went to investigate and were astonished to find grain falling out of the air into heaps on the grass. They started to praise and worship the Lord. A MIRACLE was in the process of happening!

What they didn't know was that in Outer Mongolia, 15 000 miles away, 2 huge barns filled with grain had been blown over by a sudden tornado. The grain had been swept up by the strong

wind and transported the 15 000 miles across Asia to the place where this group of believers were praying and asking God to meet their needs.

God said ANYTHING and WHATEVER! Whatever you can trust Him for He will provide you with!

We include here some of the many testimonies of God's MIRACULOUS PROTECTION, for this is another area in which His Arm is not too short to save us.

The Bible is full of such incidents; Peter was in jail, and an angel came and fetched him. His chains fell off and he walked out of prison, past the guards and out into the street.

Paul, whilst in jail, experienced an earthquake sent from God to free him from his chains and open the prison doors. The walls of the jail did not collapse and no one was injured. God's children were saved and the jailer and his family came to faith in Jesus Christ.

Ex 14:31-32 tells of the flight of the Israelites through the Red Sea with the Egyptians closing in on them from behind. God sent a gale-force Easterly wind to blow open a path for them. It was so powerful that it even dried out the wet sand so that they didn't sink.

There is PROTECTION and PROVISION in the Hand of God.

Think about Abraham's wife Sarah. Abraham lied to King Abimelech and Sarah landed up in one of the Kings harems. God protected her 100 % and appeared to the King in a dream. Abimelech was extremely frightened and begged God's mercy. He then sent Abraham and Sarah back, unscathed. God protected Sarah throughout the entire ghastly ordeal.

During the 2nd World War, when the Allied Forces were trapped at Dunkirk, the enemy was on one side and the sea on the other. There was no way of escape. In Britain intercessors started to pray and trust God for the IMPOSSIBLE. God sent a thick mist along the English Channel, so thick that people could not see their hands when they held them in front of their faces. The troops escaped by means of small fishing and pleasure boats, which were moored alongside the channel. The mist even shrouded them from the searchlights of the aeroplanes that flew over the channel. This time God used the weather as part of His MIRACLE. He can use anything if He needs to do so.

HIS PROTECTION will always be there when we need it.

Here is a last story about how God protects His Children. It is about a collision involving 2 jetliners several years ago. The one jet belonged to KLM and the other to Pan-American Airlines. They were both taking off on the runway, with permission from the control tower, but they were both on the same runway! In the one plane was a Christian, who had prayed with his mother for God's protection according to Psalm 91 before leaving America.

The aeroplanes collided and the entire top of the Pan-American plane (where the Christian was) was ripped off. One of the petrol tanks was damaged and petrol spilled over all of the passengers. While both planes were in a sea of flames, this particular man, sitting in the middle section of the aeroplane, remembered the following Scripture in His mind: **Isaiah 43:2 " When you walk through the fire, you will not be burned; the flames will not set you ablaze."**

He looked up and saw a tunnel of fresh air above him, right through the middle of the flames and smoke - an escape route. He was pulled through the tunnel by some unseen force, and landed on top of the aeroplane, from where he jumped onto the ground. He did break his leg in the process, but that is nothing in comparison with being burned alive! It was a MIRACLE of God's PROTECTION. There are many other testimonies, similar to this one.

God's power is so GREAT, so unfathomable and unlimited! He says that He is the ONLY ONE who can provide us with ANYTHING and WHATEVER we ask **"according to His riches in glory in Christ Jesus" (Philip. 3:19).**

Beloved, my challenge to you is this: DO YOU KNOW THIS GREAT GOD, or do you still limit that which He wants to do for you, by having too little faith or by clinging to tradition?

Let today and EVERY DAY, be a day of DIVINE MIRACLES!

GELOOF IN DIE WOORD /FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

KENNISGEWING

Ons het ‘n lys beskikbaar van boeke en Cd’s met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of ‘n bestelling wil plaas,kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kanfaks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om ’n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is:

(032) 552 5411
Ons het ook ‘n
i n t e r n e t a d r e s e n d i t i s :

www.stangerchristiancentre.com,

u kan al onsboeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

En die Here het voor hulle uit getrek, bedags in 'n wolkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek (Ex. 13:21).

En...

En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: "Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê" (Joh. 8:12).

Wat 'n pragtige parallel! Nie alleen het die Here lig vir die Israeliete voorsien om hulle te lei nie, maar die vuur in die nag sou hulle in 'n baie koue woestyn warm gehou het! Dieselfde Jesus het met die Fariseërs gepraat en is verwerp en tog hou Hy aan om na die verlorenes, blindes en hulpeloses, reg deur die eeue, uit te reik.

Hy het nie net lig voorsien sodat ons elke tree kan sien nie, maar Hy self is die lig, die Een wat ons geestelik warm hou en wat ook omgee vir ons fisiese behoeftes, soos Hy vir die swerwende Israeliete gedoen het.

As jy al in die nag bestuur het, besef jy baie gou dat daardie hoofligte jou lewendig hou! Sonder hulle, veral op donker paaie, sal jy geen idee hê waarheen jy ry, waar die draaie in die pad is, die steil walle is, die slaggate is, ens.

Hoe dankbaar is ons vir daardie lig wat ons letterlik by die huis bring.

Jesus is presies dit! Hy is die lig wat ons na veiligheid lei, ons beskerm van die gevare op die weg en ons wys watter paaie om te neem. Solank ons agter Hom loop, sal ons in die lig wandel. Halleluja!



UIT ONS KANTOOR

Groete aan die familie van ons Hemelse Vader,

Ons is opgewonde om 'n nuwe jaar te begin met die wete dat Jesus se koms 'n jaar nader is, en moontlik net om die draai volgens die tekens van die tye. My gebed is dat nie een van ons sal agterbly nie, maar dan hang dit natuurlik van onsself af wat ons met hierdie tydjie wat voorlê gaan doen – gaan ons gehoorsaam wees aan die opdragte in die Woord en daders wees van daardie opdragte, en op die rots bou, of maar tevrede wees om op die sand te bou? Ons Hemelse Vader deur Sy groot genade het ons nog 'n tydjie gegun om siele vir Sy Koninkryk in te bid en om voor te berei. Ek hoop dat ons soos die Jode kan wees wat hulle Messias elke dag verwag. En as Hy nie daardie dag kom nie, sê hulle, "Môre sal Hy daar wees." En so is hulle gereed en leef in verwagting daagliks. Ons moet dieselfde verwagting hê.

Ons dank ons Hemelse Vader vir Sy goedheid wat Hy die afgelope 12 maande bewys het. Ons dank Hom vir die wonderwerke en seëninge van ons liggame en bewaring van ons geliefdes, en ons bid vir hierdie jaar, dat die juwele van God se Woord steeds in 'n groter mate aan ons openbaar sal word, sodat die waarhede van Sy Woord ons sal versterk en oorwinning oor al Satan se misleidings en aanvalle sal skenk, want dit is tog net die waarheid wat ons vrymaak en die Woord van God is die Ewige Waarheid. Ons vra ons Hemelse Vader om ons te help om op hierdie waarhede te reageer en ander te help om ook gehoorsaam en daders van die Woord te wees, sodat ons lewens op Jesus, ons Rots gevestig sal bly en dat ons nie wankel wanneer die storms van Satan teen ons kom nie. Ons bid ook vir ons pragtige land en leiers, en vra dat die Here hulle wysheid in hulle besluite sal gee, en Homself aan hulle sal openbaar. Ons bid ook vir die nodige reën vir hierdie jaar, dat die Here dit op die regte tyd sal stuur en die regte hoeveelheid. Ons weet dat reën een van die belangrikste seëninge is van die Here, en ons gee Hom al die erkenning, eer en verheerliking daarvoor. Ons bid ook vir die Land van Israel, en haar volk, en vir die vrede van Jerusalem, want die Here belowe ons in Sy Woord dat diè wat Israel seën, sal geseën word. Mag Israel, God se Beloofde land, die appel van Sy oog, Sy beskerming, wysheid en voorspoed ervaar. Ons dink aan die Liggaam van Christus in hierdie jaar, die Kerk van ons Here Jesus in hierdie land en wêreld wyd, en vra dat ons Hemelse Vader Sy Kerk volgens Sy beloftes behoed en bewaar. Ons gebed is dat ons almal gereed sal wees wanneer die Basuin weerklink en Jesus op die wolke verskyn. Laat ons in hierdie nuwe jaar die tyd wat ons Hemelse Vader deur Sy genade aan ons skenk, gebruik om ons gereed te maak vir die groot oomblik wanneer Jesus ons kom haal.

Weereens wil ons almal by die sentrum u baie bedank vir wat u vir ons in 2019 beteken het! Ons dank u vir u wonderlike ondersteuning deur liefde, getuies, finansies en al die gebede wat ons in staat stel om die ware Goeie Nuus te verkondig in die eindtye. Baie dankie dat julle ons arms omhoog

Mag Hy julle ryklik seën in alle opsigte in hierdie belangrike nuwe jaar wat voorlê.
Baie liefde van ons almal by die sentrum in die wonderlike naam van Jesus Christus.

Meg en die Gebedspan.